Verwysing: 20170124-7585
12/12/5
Navrae: WJ Mercuur

Kurrikulum VOO-minuut: DCF 0009/2017

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumkoördinering en -advies, Kringbestuurders, Hoofde: IBB-koördinering en -advies, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Assesseringskoördineerders, Vakadviseurs vir Lewensoriëntering en Prinsipale van skole wat graad 10–12 aanbied

Onderwerp: Bewusmaking van die kritieke watertekort in die provinsie deur die kwessie in vakke aan te roer

1. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) streef daarna om te reageer op die toenemende akute waterkrisis wat ons provinsie in die gesig staar. Ons groot damme is besig om leeg te loop.

2. El Niño en La Niña is gebeure wat 'n verwarmings- of verkoelingseffek op die Oostelike Stille Oseaan het en reënval beïnvloed. Suid-Afrika herstel tans van die El Niño-effek wat die oorsaak van 'n droogte was die groot dele van die land verwoes het en boere met verliese van miljoene rande gelaat het.

3. Volgens die verslae het minder reën verlede jaar geval as op enige ander tyd die afgelope 112 jaar. Dit sal tussen drie tot vier jaar duur voordat damme weer tot op aanvaarbare vlakke hervul.

4. Ons doen 'n beroep op ons skole, leerders en gemeenskappe om betrokke te raak by aktiwiteite wat met die kurrikulum in lyn gebring is en oor vakke strek om te mobiliseer ten einde ons kosbare, lewegewende waterbron te beskerm. Ons moet aan toekomstige waterbehoeftes vir bewaring, wateraanvraagbestuur en voedselsekerheid voldoen.

5. Ten einde leerderkennis oor die verergerende watertekort te verbeter en sodoende sosiale verandering te bevorder, moedig die WKOD alle skole aan om die voorgestelde riglyne te gebruik en onderwysers en leerders toe te laat om innoverende ingrypingstrategieë te ondersoek.

6. Die bylae bied riglyne vir die verskillende vakke. Ons wil hê dat alle skole hierdie riglyne by hul kurrikulumpraktyke insluit.

7. Prinsipale word versoek om die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle vakonderwysers te bring.

GETEKEN: PAD BEETS
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2017-01-30